


Hoofstuk 2 Die periode vanaf die aankoms van Pieter Jansz Swanepoel aan die Kaap (1698 tot 1795)

2.1. Inleiding

Die navorsing in hierdie hoofstuk is gerig op die uitbreiding en boekstaving van die beskikbare genealogiese kennis van Pieter Jansz Swanepoel, sy derde seun Pieter en twee kleinkinders Abraham Christoffel Johannes en Hendrik Jacobus, oor wie daar min inligting beskikbaar is. Teenstrydige en onbeantwoorde vrae aangaande hierdie drie geslagte is nagevors ten einde 'n beter begrip te kry van die omstandighede waarin hulle geleef het, die rol wat hulle in die geskiedenis van Suid-Afrika gespeel het, vanaf die koms van Swanepoel aan die Kaap in 1698 vanaf Nieuwmunster, Wes-Vlaandere (België) tot en met die Britse oorname in 1795.

(Kyk addenda A en N aangeheg)



Figuur 2: Die tweede geslag Swanepoels

Dié tydperk, onder die bewind van die “Generale Vereenighde Nederlantsche G’octroyeerde Oostindische Compagnie”, kortweg genoem die VOC,⁷ is gekenmerk deur immigrasie na die nuwe land. Van die immigrante het veeboere geword wat later as trekboere verder die

⁷ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 34.

binneland ingetrek en die landbou in die Kaap gevestig het. Slawe is ingevoer om die tekort aan arbeid te verlig. Skermutselings met die Khoi-Khoi- en Boesman-stamme, hoofsaaklik as gevolg van veediefstal, was tekenend van die tyd. Soos wat die trekboere die binneland ingetrek het, is nuwe dorpe en kerke gestig. Die stigting van kerke en die Christelike meelewing van die trekkers in die algemeen (en die Swanepoel-familie in die besonder) is beskryf ten einde die grondslag van die algemene leefstyl aan te dui.

In sy publikasie, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, het dr. Adriaan Jacobus Swanepoel aangevoer dat daar voldoende bewyse is dat Pieter Jansz Swanepoel die stamvader van die Suid-Afrikaanse Swanepoel-familie is.⁸ Die betrokkenheid van Swanepoel in die Drakenstein, Land van Waveren (Tulbagh) en die Swellendam-omgewing word onder punte 2.3 tot 2.6 beskryf.

Die eerste geslag, Pieter Swanepoel (derde seun van die stamvader), was deel van die veeboere wat as trekboere getrek het tot in Oudtshoorn en Beaufort-Wes soos beskryf onder punte 2.8 tot 2.10. Twee van Pieter se kinders, Abraham Christoffel Johannes (sr.) en Hendrik Jacobus (tweede geslag) het verder getrek vanaf Oudtshoorn en Beaufort-Wes tot in Graaff-Reinet en Uitenhage. Hulle beweging, motiveringsgronde en leefstyl is onder punte 2.11 en 2.12 beskryf.

Dr. Swanepoel se aannames met betrekking tot die herkoms van die stamvader, Pieter Jansz Swanepoel, is gebaseer op die historiese bronne van Colenbrander en Malherbe, wat beweer dat Swanepoel voor 1700 uit Nederland in die Kaap aangekom het.⁹ Volgens dr. Swanepoel is die skrywer De Villiers meer versigtig met sy aanname oor Swanepoel se herkoms en noem dit slegs as ’n waarskynlikheid dat hy vanaf Nederland gekom het. Dr.

⁸ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 5.

⁹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 5.

Swanepoel verwys verder dat die skrywer N.H. Theunissen meer spesifiek is en skryf dat Swanepoel vanaf die Nederlandse provinsie, Gelderland, afkomstig was.¹⁰

Volgens dr. Swanepoel kom die familienaam *Swanepoel* nie baie in Nederland voor nie, maar wel in België, spesifiek in die provinsie Wes-Vlaandere. In die tyd toe Swanepoel in die Kaap aangekom het, was Wes-Vlaandere nog deel van Nederland. Pieter Jansz is op 26 Januarie 1678 in die dorp Nieuwmunster in Wes-Vlaandere, België, gebore en op 30 Januarie 1678 daar gedoop.¹¹



Figuur 3: Wes-Vlaandere¹²

¹⁰ N.H. Theunissen, "Twee ou families: Esterhuysen en Swanepoel" in *Die Brandwag*, 1946, 10 (415), 1946, p. 23.

¹¹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 6.

¹² Athaia, "Kaart van Wes-Vlaandere in België" by http://www.athaia.org/images/cartes/belgique_relief.jpg, 14 Julie 2012.

2.2. Die historiese agtergrond met die aankoms van Pieter Jansz Swanepoel (1698)

Simon van der Stel, destydse goewerneur, het Nederlanders op skepe aangespoor om hulle as landbouers aan die Kaap te kom vestig. In Oktober 1688 was daar reeds 23 plasies aan sulke mense toegewys.¹³ Alhoewel Swanepoel nie self op die skepe was wat by die Kaap aangedoen het nie, is die moontlikhede van 'n baanbrekerslewe aan die Kaap wyd in Europa verkondig en het dit waarskynlik aanleiding gegee tot sy vestiging aan die Kaap.

Ná sy aankoms in 1698 het Swanepoel gedurende die eerste drie of vier jaar van sy verblyf in die land as soldaat diens gedoen en daarna het hy as vryburger skynbaar in die Drakenstein-distrik gaan boer of as 'n boerekneg gewerk in die gebied waar die Franse Hugenote reeds gevestig was.¹⁴

Volgens die historikus, G. McCall Theal, kom Swanepoel se naam die eerste keer tussen 1691 en 1700 in die Kaapse rekords voor, maar hy het ongelukkig nie vermeld in watter rekords dit was nie en ook nie watter inligting oor hom in die betrokke rekords aangeteken was nie.¹⁵ Aangesien McCall Theal se inligting nie geverifieer kon word nie, is aanvaar dat dr. Swanepoel se datum rakende die Suid-Afrikaanse stamvader se aankoms meer korrek is.

Met die aankoms van Swanepoel aan die Kaap het die Drakensteinse Nederduits Gereformeerde Kerk, wat in 1691 gestig is, reeds bestaan en gemeentelike oor 'n wydverspreide gebied bedien.¹⁶ As gevolg van die ongereptheid van die gebied, asook lang

¹³ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 44.

¹⁴ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 9.

¹⁵ G. McCall Theal, *A compendium of South African history and geography*, pp. 11, 309.

¹⁶ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 68-72.

afstande, was dit nie vir die gemeentelike moontlik om gereeld kerk toe te gaan nie. Kerkbesoeke was hoofsaaklik beperk tot nagmaal, troues en die doop van kinders. Hierdie kerkbesoeke het voorafbeplanning genoodsaak, aangesien die reis met 'n ossewa soms weke geduur het.

Die Drakenstein-gebied was meer geskik vir akkerbou as veeteelt en die groeiende getal vee het 'n toenemende behoefte aan meer weiding geskep.¹⁷ Dit verklaar hoekom Swanepoel, as veeboer, telkens verder getrek het.



*Figuur 4: Van Staden se tekening van Tafelberg en die Kaap in 1710*¹⁸

Die skets van Kaapstad hierbo, geteken deur Van Staden, gee 'n perspektief van hoe die omgewing gelyk het met die aankoms van Swanepoel aan die Kaap. In hierdie tekening kan die fort, aan die linkerkant, en die kerk met sy toring gesien word. Regs van die kerk is die poort wat na die hospitaal lei.

¹⁷ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 86.

¹⁸ A.M. van Rensburg, "South African Stamouers" by <http://www.stamouers.com/vocCape.htm>, 13 April 2012.

2.3. Die lewe van Pieter Jansz Swanepoel

Met Swanepoel se aankoms in 1698 aan die Kaap het die bevolking uit 402 mans, 224 vroue en 521 kinders bestaan.¹⁹ Volgens 'n skatting het die koloniste op daardie stadium reeds 8 300 beeste en 54 000 skape besit. Met sy aankoms was daar reeds 'n groot stryd om oorlewing vir die amptenary en burgery as gevolg van die veeboere se grensuitbreiding en veehandel. Swanepoel het met sy aankoms in die Drakenstein-gebied op die leningsplaas, Nieuwmunster, gaan woon.²⁰

Louis van Assenburgh, wat by Van der Stel as goewerneur oorgeneem het, het op 17 September 1709 goedkeuring aan Swanepoel verleen dat hy sy beeste en skape mag laat wei "*over de Breede Rivier, onder Witsens gebergte, in 't Land van Waveren*".²¹ Die dorp Tulbagh is later in hierdie gebied geproklameer. Die Breëriviervallei strek vanaf Tulbagh in die weste tot by Swellendam in die ooste. Die dorpe (soos dit vandag daar uitsien) van wes na oos is Tulbagh, Wolseley, Worcester, Rawsonville, Robertson en Swellendam.

Alhoewel hierdie vallei vir duisende jare bewoon was deur die Khoi-Khoi-en Boesmans is lening-plase in hierdie gebied deur die Kaapse regering toegeken aan die Hollandse en Franse Hugenote-setlaars. Hierdie toekenning van grond aan die setlaars het gelei tot diefstal van die vee, konflik tussen die inheemse bevolking en die veeboere in die algemeen en Swanepoel in die besonder.²² Die Khoi-Khoi het beeste en skape aangehou en die Boesmans was jagters en versamelaars.²³


¹⁹ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 44.

²⁰ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 9.

²¹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 9.

²² A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 10.

²³ H. Giliomee & R. Elphick, *'n Samelewing in wording: Suid Afrika 1652-1820* (1983), p. 4.




Figuur 5: Nieuwmonster en die areas waar Swanepoel sy vee laat wei het²⁴

Om Khoi-Khoi aanvalle op die setlaars te voorkom, is leningsplase deur Maurice de Chavonnes in onder andere die “*Land van Waveren over de Breede Rivier*” aan setlaars beskikbaar gestel.²⁵ ’n Geringe bedrag (*rekognisiegeld*) is gevorder vir ’n weilisensie of leningsplaas, soos hierdie vorm van grondbesit bekend was. Die weilisensies vir ’n plaas

²⁴ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 36.

²⁵ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 60, 61.

van 6 000 akkers moes jaarliks hernu word.²⁶ Teen 1714 het boere begin aansoek doen om hulle leenplase as vrye eiendom te besit. In 1716, tydens die bewind van goewerneur Maurice de Chavonnes, het Pieter Swanepoel ook 'n aansoek ingedien waarin daar spesifiek gemeld is dat hy 'n landbouer is, dat die leenplaas met die naam "Nieuwmunster" in die "*Land van Waveren over de Breede Rivier*" geleë is, en dat hy sedert 1709 daarop woon. Nadat vrytitels teen die einde van 1717 aan ongeveer 400 boere, waarvan Pieter Jansz een was, gegee is, is die toegewing om die oorproduksie van landbouprodukte te verminder gestaak. Swanepoel het reeds in 1716 'n beskeie boerdery gehad, soos aangedui in 'n sensusopgawe in sy eie handskrif wat hy op 27 April 1716 ingedien het.²⁷



*Figuur 6: Pieter Jansz Swanepoel se handtekening in die 27 April 1716 sensusopgawe*²⁸

Op 27 April 1712 koop Pieter Swanepoel 'n stuk grond met 'n huis en tuin, eiendomsnommer Kalbaskraal 2521, in die omgewing van Stellenbosch. Swanepoel is op 1 Mei 1712 met Maria Sibella Sachse getroud. Dit is onbekend of die egpaar na die troue op Kalkbaskraal gebly het.²⁹ Maria is in 1675 in Guestin, Anhalt, Duitsland, gebore en in Amsterdam, Holland, gedoop. Maria, 'n suster en twee broers, het in 1691 saam met hul ouers vanaf die

²⁶ H. Giliomee & R. Elphick, *'n Samelewing is in wording: Suid Afrika 1652-1820* (1983), p. 57.

²⁷ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 10.

²⁸ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 10.

²⁹ C.H. Swanepoel, *'n Tak van die Swanepoel-familie in Suid-Afrika, 1699 tot 1999: 'n genealogiese en kultuurhistoriese studie* (Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die MA in Letter en Wysbegeerte, Stellenbosch).

dorp Egeln naby Maagdenburg in Duitsland na die Kaap gekom.³⁰ Haar ouers was Joachim Sachse en Susanna Holswig, en hulle het die plaas Sachsenburg aan die Kuilsrivier naby Stellenbosch besit. Maria was voorheen getroud met Johann Christoffel Hack. Uit hierdie eerste huwelik is twee dogters, Maria Magdalena en Anna Christina gebore.³¹ Hierdie twee dogters is nie deel van die Swanepoel-familie nie en is nie verder beskryf nie. Dit is onbekend waar Maria begrawe is.³²

Uit die huwelik van Pieter en Maria is daar agt kinders gebore:³³ Jan (1713 – jonk dood), Jan (1715), Pieter (1718), Rosa (1721), Johannes (1723), Jacobus (1725), Hendrik (1731) en Abraham Christoffel (1734).³⁴

Uit die sensusdokument wil dit voorkom of Pieter se eggenote en twee kinders ten tye van die opstel van die sensusopgaaf op 27 April 1716 nog nie by hom op sy plaas gewoon het nie. Die ander kinders was nog nie in 1716 gebore nie. Hy meld in die opgawe “*Als nu comt den 18 September mijn vrouwe Maria Zibelle Sache*”.³⁵ Sy twee stiefdogters (uit Maria Sibella se vorige huwelik) en hulle twee seuns uit hulle eie huwelik het op 18 September

³⁰ De Villiers/Pama, “*Geslagregisters van die ou Kaapse families*” by <http://www.hanekom.org.uk/phpgedview/individual.php?pid=I1130&ged=spamer.ged>, 20 November 2011.

³¹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 12.

³² A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 11.

³³ Doopdatums is tussen hakies aangedui.

³⁴ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, pp. 1-765.

³⁵ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 10.

1716 saam met hul moeder by hom op sy plaas Nieuwmunster aangesluit.³⁶ Dit is nie bekend waar sy eggenote en drie kinders voor daardie tyd gewoon het nie. Vermoedelik het hulle by haar ouers op die plaas Sachsenburg naby Stellenbosch gewoon.³⁷ Die vermoede word versterk as gevolg van die feit dat hulle eerste seun, Jan, op Stellenbosch gedoop is.³⁸

Boerdery-omstandighede in die Waveren-gebied was gedurende die eerste paar jaar van Pieter Swanepoel se verblyf op sy nuwe plaas baie moeilik. Buurplase was ver uitmekaar en moeilik bereikbaar. Hy het waarskynlik geen implemente of gereedskap gehad om die lande te bewerk nie. In die sensusopgaaf van 1716 meld Pieter dat hy 60 mud koring van die ses mud wat hy gesaai het, met die hulp van een kneg en 'n slavin, kon oes. Die stamvader van die Van Biljon-familie in Suidelike Afrika, Bernardus van Billion, het as 'bouwkneg'[xvii] vanaf 1717 by die Swanepoels op die plaas Nieuwmunster gewerk. Die dienskontrak is op 2 Desember 1717 in die teenwoordigheid van Christoffel Brand en Ryk Tulbagh onderteken. Dit is jaarliks daarna hernu, met die laaste hernuwing op 8 Januarie 1722 voor Hendrik Swellengrebel.³⁹ Pieter Swanepoel het op 8 Desember 1722 ook 'n matroos, Pieter Hullebroek, indiens geneem.⁴⁰

Dit is nie bekend by hoeveel geleenthede hy die slagoffer van rooftogte was nie, maar in sy aansoek vroeër daardie jaar om sy leenplaas in 'n eiendomsplaas te omskep, maak Pieter melding daarvan dat die Khoi-Khoi 70 skape en 13 beeste van hom geroof het. Hy meld verder dat die Khoi-Khoi hom met 'n assegaai gewond het. Pieter is in Desember 1715 in 'n

³⁶ Kaapse Argiefbewaarplek (KAB), Opgaafrol, J184 (Argiefgroep J), *Opgaafrolle, Stellenbosch en Drakenstein, 1716-1795*.

³⁷ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 10.

³⁸ D.A. Robertson, e-Family-website, "The First Fifty Years Project" by <http://www.e-family.co.za/ffy/ui29.htm>, 7 Julie 2011.

³⁹ T.J.K. van Biljon, "*Stamvader Bernaerdus van Biljon*", *Familia*, Volume 39, No. 4.

⁴⁰ KAB, Raad van Justisie (CJ), 2880, 48, Swanepoel, "*Pieter Jansz, huur van matroos*", begindatum 1722.

skermutseling met Khoi-Khoi met 'n assegaai in die bobeen gewond toe hy lid was van 'n soekgeselskap van 30 man in die Stellenbosch-distrik om gesteelde vee op te spoor.⁴¹

2.4. Invloede op die vestiging en leefstyl van Pieter Jansz Swanepoel

Pieter Jansz Swanepoel se vestiging en leefstyl is beïnvloed deur die aankoms van die Franse Hugenote, die beleid van sekere Kaapse goewerneys, slawerny, die optrede van die Khoisan en gekose en gedwonge grensuitbreidings.

2.4.1. Moontlike invloed van die Franse Hugenote

Met sy aankoms in 1652 het Jan van Riebeeck, as Protestant en met die gees en arbeid van die Dordtse Sinode nog vars in sy geheue, 'n Gereformeerde Kerk aan die Kaap gevestig.

Die herroeping van die Edik van Nantes in Frankryk deur die Katolieke koning in 1685 het nie net in Frankryk en sy omliggende lande ernstige gevolge gehad nie, maar het ook die samestelling van die Kaapse bevolking beïnvloed. Godsdienstverdraagsaamheid teenoor die Protestante (Hugenote) in Frankryk is onmiddellik na die herroeping deur bloedige vervolging en moord vervang. Van hierdie vlugteling hulle in 1688 as Franse Hugenote aan die Kaap kom vestig en hul vestiging het sekerlik die geloof van die veeboere in die algemeen en die Swanepoel-familie in besonder geraak en versterk.⁴²

Na die grootskaalse emigrasie van Franse Hugenote in 1688 het daar tot laat in die eerste kwart van die agtiende eeu verdere individuele Franse Hugenoot-families, wat deur die regering gesubsidieer is, aangekom. Swanepoel het gedurende dieselfde periode

⁴¹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 10.

⁴² A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 68-70.

(gedurende 1698) ook in die Kaap aangekom.⁴³ Die Franse Hugenote is doelbewus verspreid tussen die veeboere geplaas om vermenging te bevoordeel.⁴⁴ As gevolg daarvan dat Swanepoel, asook sommige Franse Hugenote wat vanaf Wes-Vlaandere gekom het, hulle in die Drakenstein-gebied gevestig het, kan die moontlikheid nie uitgesluit word dat daar interaksie tussen hulle was nie. Hierdie interaksie het waarskynlik op taal- en geloofsgebied 'n direkte (of minstens, 'n indirekte) invloed op die Swanepoel-familie gehad. Die Franse het 'n beduidende rol in die ontwikkeling van die areas waarin hulle gevestig het, veral op die gebied van die wynbou, gespeel.⁴⁵

2.4.2. Die rol van sekere Kaapse goewerneys

In die eeu na die aankoms van Swanepoel aan die Kaap in 1698 tot aan die einde van 1795 was daar veertien goewerneys aan bewind.⁴⁶ Hierdie goewerneys het 'n rigtinggewende bydrae tot die geskiedenis gemaak en derhalwe ook 'n invloed op die wel en weë van die Swanepoel-familie gehad. 'n Oorsig van die meer prominente goewerneys se wetgewing en invloed word derhalwe gegee.

Die Britse magte het in 1795 die eerste keer die bevel van die Kolonie by die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) oorgeneem. Hierdie besetting het tot in 1803 geduur.⁴⁷ Die klein Kaapse garnisoen was nie in staat om hom teen hierdie militêre oorname te verdedig nie. Ten spyte van die klein bevolking het die samelewing aan die Kaapkolonie sy eie sosiale kenmerke gehad. Die ontwikkeling van die Kolonie is net gedeeltelik deur die beleidsrigtings van die Here XVII bepaal en die Britse besetting het tot verdere ongelukkigheid, oproer en wanorde gelei. Vir 'n kort periode vanaf 1803 tot 1806 was die

⁴³ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 9.

⁴⁴ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 44.

⁴⁵ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 68.

⁴⁶ M. Ramerini, *"The Dutch in South Africa, 1652-1795, 1802-1806"* by www.colonialvoyage.com, 13 April 2012.

⁴⁷ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 131, 132.

Kaap weer onder die beheer van die Bataafse regering in Nederland, waarna dit vir 'n tweede keer onder Britse beheer gekom het.⁴⁸ Die ongelukkigheid as gevolg van die Britse oorname het daartoe aanleiding gegee dat die trekboere verder die binneland ingetrek het en word in hoofstuk 3 beskryf.

2.4.3. Die invloed van slawerny op die Swanepoel-familie

Slawerny was 'n doodgewone praktyk tot aan die begin van die negentiende eeu in verskillende wêrelddele en het ook in Suid-Afrika hoogty gevier. Slawe is ingevoer kort ná Jan van Riebeeck se koms in 1652 en slawerny het amptelik tot 1834 geduur. Vrygestelde slawe is daarna vir nog 4 jaar by hulle voormalige eienaars ingeboek. Die hoofrede vir die invoer van slawe was om die arbeidstekort in die Kaap te verlig en slawe is uit Madagaskar, Indië, Maleisië en Indonesië ingevoer.⁴⁹ In 1700 was daar reeds 1 308 blankes en 838 slawe in die Kaap. Die bevolking het tot 4 860 blankes en 5 327 slawe in 1750 gegroei.⁵⁰ Baie Kaapse koloniste het slawe besit en in die geval van Swanepoel het hy ook aan die begin van sy boerdery 'n slavin besit wat gehelp het met die boerdery.⁵¹ Soos wat die algemene tendens van daardie tyd was, kan aanvaar word dat Swanepoel in latere jare van meer slawe gebruik gemaak het. Slawe is as besittings beskou, as 'n deel van hul eienaars se rykdom en is gedwing om vir hom te werk.

Die wanbalans in getal tussen veeboermans en -vrouens is een van die oorsake dat bloedvermenging tussen die veeboere en oosterse slavinne plaasgevind het.⁵² In 'n mindere

⁴⁸ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 139, 140; T.R.H. Davenport, *South Africa, a modern history*, 1991, pp. 35-38.

⁴⁹ E.M. Bauermeester, *Die Kaapse slawe in kultuurhistoriese perspektief 1652–1838*, pp. 40-53.


⁵⁰ G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel 1, 1652-1806*, p. 200.

⁵¹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 10.

⁵² H.F. Heese, *Groep sonder grense, 1652-1795*, pp. 5-6; W.A. Cruywagen, *Die Cruywagens van Suid-Afrika 1690-1806*, pp. 96-97.

mate was daar ook bloedvermenging tussen die vry swartes en die veeboere.⁵³ Pieter, die derde seun van Pieter Jansz, is getroud met 'n agterkleinkind van 'n Indiese slavin. Dit word later in meer besonderhede beskryf onder punt 2.10. Die kerk het slawe-kindere wat Christelike onderrig ontvang het gedoop en nie-blankes, onder sekere voorwaardes, aanvaar as lidmate van die kerk.⁵⁴

'n Slawe-eienaar kon sy slaaf sonder genade straf wanneer hy verbrou het. Indien die slawe kinders gehad het, is hulle ook as slawe in sy huishouding opgeneem, waar hulle tot hul sterwensdag moes werk.⁵⁵



Figuur 7: Publieke veiling van slawe⁵⁶

⁵³ F.W. Marx, *Slawespore*, pp. 1-4; A.M. van Rensburg, *My genetic enrichment, slaves at the Cape, South Africa*, pp. 3, 4.

⁵⁴ H. Gilliomee & B. Mbenga, *New History of South Africa*, chapter 3, pp. 81-98; F.W. Marx, *Slawespore*, p. 69.

⁵⁵ F.W. Marx, *Slawespore*, p. 69.

⁵⁶ Anon., Dugeot se Mieliestronk.com-webwerf, "Slawerny in Suid Afrika" by <http://www.mieliestronk.com/slaaf.html>, 11 April 2012.

Teen 1708 het die burgers reeds 1 147 volwasse slawe en sowat 450 kinders as die VOC se eiendom besit. Gedurende die tydperk vanaf 1680 tot 1795 is gemiddeld een slaaf per maand in die Kaap tereggestel. Die hangende, ontbindende lyk van 'n tereggestelde slaaf sou op een plek in die moederstad vir openbare kennisname vertoon, later afgehaal en dan weer elders hangend uitgestal word as waarskuwing aan slawe om hulle te gedra.⁵⁷

Die Kaapse owerheid moes vir lang tydperke aandag aan grensbotsings gee, maar 'n ander maatskaplike kwessie was selfs belangriker. Dit was die versagting van slawerny, as voorspel tot die bevryding van slawe. Dit is in drie stadiums gedoen, naamlik deur die verbod op slawehandel in 1807, die daaropvolgende stelselmatige versagtingsmaatreëls en, oplaas, die afskaffing van slawerny.⁵⁸ Daar was hewige besware teen die proses. In 1826 en 1832 is massa-vergaderings gehou teen die Britse maatreëls.⁵⁹ Dit was nie omdat die regering dit noodwendig goed behartig het nie, maar omdat die Britte 'n kolonie met betreklik min slawe en koloniste bestuur het.

Die verbod op die verkoop van Christen-slawe is opgehef, maar slawe wat gedoop en aangeneem is, het voorregte gekry, soos die reg op 'n wettige huwelik, die reg dat hul kinders gewettig kon word en die vryheid om kerkdienste op bepaalde tye by te woon. Vrygestelde slawe is geleidelik in die gemeenskap opgeneem en uit hulle geledere is daar op verskillende terreine groot bydraes tot die ontwikkeling van die land gemaak. Hulle het weens ongelukkige politieke omstandighede tot die twintigste eeu dikwels nie tot hul reg gekom en die erkenning gekry wat hulle verdien het nie.⁶⁰

⁵⁷ R.C. Shell, *Children of bondage* (Witwatersrand University Press, 1994); A. Mountain, *An unsung heritage: Perspectives on slavery* (Alan Mountain, David Philip Publishers, 2004).

⁵⁸ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, pp. 33, 38.

⁵⁹ F. Pretorius (red), *Geskiedenis van Suid-Afrika, Van voortye tot vandag*, hoofstuk 4, pp. 84-85.

⁶⁰ Anon., Dugeot se Mieliestronk.com-webwerf, "Slawerny in Suid-Afrika" by <http://www.mieliestronk.com/slaaf.html>, 11 April 2012.

2.4.4. Blootstelling aan die leefwyse van die Khoisan

Die veeboere was blootgestel aan die bedreiging van die Khoi-Khoi- en Boesmans en daarom word hierdie etniese groepe se kultuur en leefwyse kortliks beskryf.

Die Khoi-Khoi (Hottentotte) was geel-bruin van kleur en baie klein van statur met gemengde bloed en waarskynlik oorspronklik afkomstig van Somalië. Hulle het daarvandaan in die rigting van die groot meregebied getrek en is later in 'n suidwestelike rigting verdryf. Daarna het hulle verder suid getrek tot by die Kaapse suidpunt en vandaar ooswaarts tot sover as Natal.⁶¹ Die tradisionele godsdiens van die vroeë Khoi-Khoi en Boesmans sluit 'n groot aantal mites van gode en helde in uit die voorgeslag, wie se lewens as goeie voorbeelde dien om konflik en persoonlike probleme te hanteer. Hulle het onder andere geglo dat dans en voorvadergeeste help met genesing van mense en sosiale euwels.⁶²



Figuur 8: Khoi-Khoi wat die maan aanbid⁶³

⁶¹ J.E. Malherbe, *Contact between Indigenous Khoikhoi and European Settlers* (1996), Heritage Series No.1, Huguenot Memorial Museum, Franschhoek.

⁶² D. Chidester, C. Kwenda, R. Petty, J. Tobler & D. Wratten, "African Traditional religion in South Africa", *undated Bibliography*, pp. 69, 70.

⁶³ Anon., South African History Online-website (SAHO), "An 18th century drawing of Khoikhoi worshipping the moon" by <http://www.sahistory.org.za/content/18th-century-drawing-khoikhoi-worshipping-moon>, 24 Junie 2012.

Die Khoi-Khoi het geleef van wilde plante, melk en vleis. Hulle huise het bestaan uit ligte houtstokrame oorgetrek met grasmatte. Hulle het hoofsaaklik dierevelle vir klere gedra. Hulle besittings het bestaan uit kleipotte, houtbakke, gesmelte yster vir assegaaipunte en koperornamente. Die Khoi-Khoi het die Boesmans, wat hulle vee gesteel het, doodgemaak en dan die vroue vir hulself gevat. Dit het veroorsaak dat daar bloedvermenging tussen die Khoi-Khoi en Boesmans plaasgevind het.⁶⁴

Die uitbreiding van die Kaapkolonie se grense het tot geskille tussen die veeboere en die Khoi-Khoi gelei. Reeds vanaf 1659 het die gebruik van weiveld deur die veeboere konfrontasie met die Khoi-Khoi uitgelok. In 1671 het die groeiende vraag na vleis en die Khoi-Khoi se onbereidwilligheid om hulle diere vir ander goedere te ruil tot 'n verpletterende neerlaag van die Khoi-Khoi in gewapende skermutselings gelei. Vanaf 1673 tot 1677 het die Khoi-Khoi hulle vir die laaste keer militêr verset teen die uitbreiding van die Kolonie.⁶⁵

Die Boesmans is die oudste inwoners van die grootste deel van die subkontinent, maar is in groot getalle uitgeroei deur ander inheemse stamme wat hulle gebied ingeneem het. Hulle was primitiewe, dwergagtige mense wat velkarosse gedra het. Die mans was die jagters en hulle wapens en implemente het bestaan uit klip, hout of been.⁶⁶ Die vrouens was verantwoordelik vir die bymekaarmaak van plantwortels, bolle, bessies, eiers en wilde heuning. Hulle spyskaart het verder die volgende ingesluit: wildsbokke, zebras, skilpaaie, wilde hase, leeus, kameelperde, visse, insekte, ystervarke, miere, muise, slange en hiënas. Hulle het geen besittings, behalwe volstruisdoppe en kalbasse vir water en sakke vir die gif, wat gebruik is vir hulle jagpyle, gehad nie.⁶⁷ Die Boesmans is bekend vir hulle tekeninge en graverings wat hoofsaaklik in grotte in verskeie plekke in Suid-Afrika besigtig kan word en wat aspekte van hulle leefstyl en ervarings weergee.

⁶⁴ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, p. 21.

⁶⁵ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, p. 25.

⁶⁶ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, pp. 18-21.

⁶⁷ Anon., Siyabona Africa-website, "*Kruger Park*" by www.krugerpark.co.za/africa_bushmen.html, 19 April 2012.



Figuur 9: Rotskuns in die Swartberge ⁶⁸

Op sosiale gebied is die wit mans gekonfronteer deur 'n skaarsheid aan wit vroue in die Kolonie. Hulle het met Khoi-Khoi vroue en slavinne seksuele verhoudings aangeknoop en sommige het met Khoi-Khoi en slawevroue getrou.⁶⁹ Die huidige bruin mense het hulle oorsprong in hierdie era as gevolg van die vermenging van die Asiatiese, Afrika- en Europese bloed gehad. As unieke bevolkingsgroep saamgestel uit 'n genepoel uit drie kontinente het hulle 'n besondere kultuurerfenis gehad, wat later 'n deel van die Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskap sou word.⁷⁰

⁶⁸ J. Seligman, Oudtshoorn-History-website, "Oudtshoorn, Rotskuns in die Swartberge" by http://www.seligman.org.il/oudtshoorn_history.html, 11 Maart 2011.

⁶⁹ W.A. Cruywagen, *Die Cruywagens van Suid-Afrika, 1690-1806*, p. 98.

⁷⁰ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, pp. 18-28.

Die Khoi-Khoi is sterk uitgedun deur 'n galkoors in 1687 en die pokke-epidemies van 1713, 1755 en 1767.⁷¹ Byna 'n kwart van die destydse wit bewoners in die Kolonie het ook gesterf, maar die lewensverlies onder die Khoi-Khoi, wat geen weerstand hoegenaamd teen die siekte gehad het nie, was dubbeld dié van die koloniste. Pokke het die Khoi-Khoi-kultuur grotendeels verwoes en oorlewendes het mettertyd deel van die bruinbevolking geword.

Die Khoi-Khoi-sterftes in 1713 het die geleentheid aan die blanke trekboere gebied om relatief sonder weerstand na groot, onbewoonde gebiede te trek. In 1717 het die veeboere reeds die oevers van die Breërivier bereik en in 1730 het die boere wat ooswaarts getrek het by die Groot-Brakrivier aangekom, terwyl ander langs die Langeberge tot oorkant Kogmans-kloof begin trek het.⁷²

2.4.5. Die uitbreiding van grense (1679 – 1707)

Swanepoel het in 1698, net voor Simon van der Stel se termyn as goewerneur verstryk het, in die Kaap aangekom.⁷³ Vanaf sy aankoms in die Kaap in 1679 tot sy aftrede in 1699 het Simon van der Stel verskeie geskiedkundige bydraes gelewer wat vandag nog voortleef. Van die mylpale sluit in die stigting van Stellenbosch, die ontwikkeling van die plaas Groot Constantia (1685) en die stigting van Simonstad.⁷⁴ Hy was toeganklik en het geskille tot die bevrediging van die koloniste opgelos en immigrasie bevorder. In sy era was daar nie 'n dramatiese grensuitbreiding nie, omdat die Kompanjie liberaler opgetree het.⁷⁵

⁷¹ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, p. 27; C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 76, 77.

⁷² C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 77.

⁷³ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 9.

⁷⁴ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 41.

⁷⁵ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 66-68.



Figuur 10: Die historiese huis op Groot Constantia is in 1722 gebou ⁷⁶

Met Simon van der Stel se aftrede was die wynbou reeds goed gevestig. Soos wat die veeboere se vee vermeerder het, het hulle weiveld buite die bewoonde gebiede gebruik. In die droë somermaande is die vee na die binneland gestuur onder die toesig van hulle seuns, slawe of Khoi-Khoi mans. Van der Stel het egter probeer om die VOC se grensbeheer te versterk en die veeboere beveel om hulle vee binne 'n dagreis van hulle eiendomsplase te hou.⁷⁷ Hierdie maatreël het Swanepoel, wat hom as veeboer vestig het, negatief beïnvloed deurdat dit sy moontlike uitbreiding aan bande gelê het.

Die situasie het dramaties verander nadat Simon van der Stel gedurende 1699 deur sy seun, Willem Adriaan van der Stel, opgevolg is. Waar Simon van der Stel se pogings ekstensiewe veeboerdery teengewerk het, was Willem die grootvee-pionier van sy tyd.⁷⁸ Hy

⁷⁶ T. Wiersma, (fotograaf), "Groot Constantia" by http://en.wikipedia.org/wiki/Constantia,_Cape_Town, [http://flickr.com/photos/76396789@N00 Tjeerd Wiersma], 19 Desember 2011.

⁷⁷ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 76.

⁷⁸ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 76.

was verantwoordelik vir die vestiging van veeboere in die binneland.⁷⁹ Tydens een van sy binnelandse inspeksiereise het Van der Stel waargeneem dat 'n aantal koloniste geen grond besit het om op te boer nie. Hy was bekommerd dat die veeboere tussen Stellenbosch en Drakenstein te dig op mekaar gewoon het. Hy het ook besef dat die probleem gaan vererger as gevolg daarvan dat 'n aantal nuwe immigrante die land binnegekom het en van grond voorsien moes word. Om die grondkwessie te verlig, het Van der Stel grond beskikbaar gestel in 'n pragtige vallei tussen die Obikwa- en Witsenberge wat bekend is as die “*Land van Waveren*”, die huidige Tulbagh. Die eerste koloniste het hulle reeds in 1700 daar gevestig.⁸⁰ Tydens 'n volgende inspeksiereis aan die binneland het Van der Stel egter besef dat die grondkwessie nie opgelos is nie. Hy het nog meer plase “*in een schone landsdouwe ongeveer 18 tot 20 uren gaans van desen Castele in 'n vallei wat hy 't Land van Waveren*” geproklameer.⁸¹ Dit is in hierdie gebied waar Swanepoel hom op die plaas Nieuwmunster gevestig het.⁸²

Vermeerdering van veeboere en 'n behoefte aan meer wieding was die oorsaak dat die veeboere dieper die binneland ingetrek het. Gedurende 1703 is weilisensies deur die Van der Stel-administrasie uitgereik aan veeboere wat daarvoor aansoek gedoen het.⁸³ Verder het Van der Stel die landgoed by Vergelegen, naby die huidige Somerset-Wes, vir homself verkry en benut omdat hy 'n voorliefde vir boerdery gehad het.⁸⁴

⁷⁹ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 44-46; D. Sleigh, *Die Buiteposte*, hoofstuk 8, p. 522.

⁸⁰ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 76, 77.

⁸¹ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 60-61.

⁸² A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 9; Sien meer oor W.A. van der Stel se veeboer – bevordering in Dan Sleigh se boek oor *Die Buiteposte*, hoofstuk 8, pp. 528-532.

⁸³ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 86, 87.

⁸⁴ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 77, 78.



Figuur 11: Die opstal van Vergelegen ⁸⁵

Korrupsie en magsmisbruik deur W.A. Van der Stel en sy amptenare het aanleiding gegee tot verskeie klagtes deur die veeboere. In 1705 is 'n klagskrif, wat deur 63 burgers onderteken is, aan die Here XVII in Nederland gestuur. Die klagtes is verkeerd deur Van der Stel hanteer en Adam Tas en talle ander leiers is gevange geneem. Van der Stel is na Nederland ontbied vir 'n ondersoek, skuldig bevind en ontslaan uit die diens van die Kompanjie. In 1707 is beslag gelê op die plaas Vergelegen.⁸⁶ Sy regeringstydperk het aanleiding gegee tot verdere Oosgrens uitbreidings as gevolg van die opstandigheid van die koloniste.

⁸⁵ L. Miguel, Cape Town City and Tourism Guide-website, "Vergelegen," by <http://www.capetown-net.com/vergelegen.php>, 14 April 2012.

⁸⁶ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 46-47.

2.5. Die Christelike meelewing van die Swanepoels vanaf 1698 tot 1795

2.5.1. Inleiding

Sedert die Hervorming (1517-1648) het die Protestantse kerk in Nederland bekend gestaan as die Gereformeerde Kerk. So is dié Kerk aan die Kaap ook genoem tot omstreeks die einde van die 18de eeu. Daarna, in navolging van die gebruik in Nederland, is die naam Hervormd naas Gereformeerd gebruik. In 1842 is die naam vasgelê as Nederduits Gereformeerd.⁸⁷

Oor die vraag watter kerk-denominasie eerste in die Kaap werksaam was, hoor ons baie antwoorde. Die Hervormde Kerk kyk na die ontwikkeling van die moederkerk in Nederland en sê dit was 'n Hervormde Kerk. Die N.G. Kerk kyk na die historiese ontwikkeling in Suid-Afrika en sê dit was 'n N.G. Kerk. Die Gereformeerde Kerk kyk na die leerstellinge en kerkregtelike inhoud van die kerk en sê dit was 'n Gereformeerde Kerk. Al hierdie mense het gelyk. Al drie huidige Afrikaanse Kerke het uit die oorspronklike Gereformeerde Kerk wat in 1652 na die Kaap gebring is, ontwikkel. Die N.G. Kerk het in 1843, die Hervormde Kerk in 1853 en die Gereformeerde Kerk in 1859 hulle teenswoordige beslag gekry en word verder in hoofstukke drie en vier beskryf.⁸⁸

Die Kaapse regering het daarmee saamgestem en vereis dat 'n verteenwoordiger van die Politieke Raad kerkraadsvergaderings moes bywoon. Die owerheid het die laaste seggenskap gehad by die verkiesing van kerkraadslede, by die besteding van geld en by die stigting van nuwe gemeentes. Gedurende die tyd van die Kompanjie was die mense noulettend op die Kategismus, die suiwerheid van die gereformeerde leer en die handhawing van die gereformeerde beginsels. Die Politieke Raad het streng strawwe en boetes op amptenare gelê wat die godsdienst geminag of nagelaat het. Vanweë die staat se

⁸⁷ C.R. Kotzé, *Die Katkisasieboek, Vaderlandse kerkgeskiedenis*, p. 372.

⁸⁸ C.R. Kotzé, *Die Katkisasieboek, Vaderlandse kerkgeskiedenis*, pp. 376-378; G. Hofmeyr (red.), *NG Kerk 350*, vir vroeë kerklike werk.

betrokkenheid en gesag kon die kerklike lewe nie suiwer gereformeerde bly nie. Dit het die weg gebaan vir veranderinge in die negentiende eeu.⁸⁹

In die lewe van die trekboere het huisgodsdienste ook 'n belangrike plek ingeneem. Feitlik elke gesin het die “*Statenbijbel*” besit, wat met die grootste sorg opgepas is. Dit is die Bybel wat in opdrag van die State-Generaal tussen 1626 en 1635 vertaal en volgens besluit van die Sinode van Dordrecht in 1637 uitgegee is.⁹⁰ Die meeste mense het ook die gesange van Willem Sluyter, die Heidelbergse kategismus en die Kortbegrip van Helmbroek gehad. Party families het ook 'n predikasieboek besit.⁹¹ Die beweging na die binneland het 'n definitiewe effek op onderrig en Christelike meelewing gehad.

Die feit dat daar min skole was, het veroorsaak dat sommige plaaskinders by rondswerwende “skoolmeesters” moes leer lees. Hulle was gewoonlik ontslane matrose en soldate, wat deur die ouers gehuur is. Die skoolboeke was 'n ABC, opgevolg met onderrig van die tweede “trap”, die AB-jab, wat woorde met twee lettergrepe bevat het, asook die spelboek, die *Trap der Jeugd*. Kinders het net leer lees, skrywe en reken, en het daarby 'n bietjie godsdiensoopvoeding ontvang.⁹²

Sommige ouers het hulle kinders self onderrig en leer- en leesstof was aanvanklik beperk tot die Bybel en hoofsaaklik geestelike bronne.⁹³ Swanepoel kon redelik goed skryf, wat daarop dui dat hy skoolopleiding voor sy aankoms in die Kolonie gehad het. Gedurende die

⁸⁹ C.R. Kotzé, *Die Katkisasieboek, Vaderlandse kerkgeskiedenis*, p. 370-372.

⁹⁰ W. Smith, Bloedrivier geloftefees-webwerf by <http://www.bloedrivier.org/web/index.php/geskiedenis/die-sinode-van-dordrecht>.

⁹¹ J. Steyn, Praag.co.za-webwerf, “*Godsdienstigheid van die trekboere*” by <http://www.praag.co.za/feuilleton-magazine-386/geskiedenis-magazine-480/2324-godsdienstigheid-van-die-trekboere.html>, 11 Julie 2012.

⁹² J. Steyn, Praag.co.za-webwerf, “*Godsdienstigheid van die trekboere*” by <http://www.praag.co.za/feuilleton-magazine-386/geskiedenis-magazine-480/2324-godsdienstigheid-van-die-trekboere.html>, 11 Julie 2012.

⁹³ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 62-63.

tydperk 17 Februarie 1729 tot 1 Februarie 1730 het hy 'n skoolmeester gehuur om sy kinders privaat te onderrig.⁹⁴


Nadat die Kolonie sy eerste predikant, ds. Joannes van Arckel gekry het, is die kerklike lewe op vaste voet gereël. In 1667 het die Kaapse kerkraad besluit om nagmaal vierkeer per jaar te vier naamlik met Pase, daarna “een vierendeel jaers na desen”, dit wil sê drie maande later, die derde keer “een half jaer na Paschen” en die laaste op kermisse”, dit is Kersdag. Die oorblywende vier gemeentes, wat daarna gestig is, kon hulle nagmaal volgens omstandighede reel maar moes probeer om die tradisionele patroon te volg.⁹⁵

Wanneer lidmate hulle kinders gebring het om gedoop te word, het hulle ook van die geleentheid gebruik gemaak om Nagmaal te gebruik en huwelike te laat bevestig. Lang afstande, die onherbergzaamheid van die landskap en primitiewe vervoermiddels het aktiewe deelname aan die kerklike lewe bemoeilik, maar die Swanepoels, soos baie ander families, het nogtans hulle kinders laat doop, asook troues en begrafnisse vanuit die kerk gedoen. Swanepoel se kinders is in die drie oudste kerke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad (1665), Stellenbosch (1686) en Drakenstein (1691) gedoop.⁹⁶ 'n Reis (en kerkbesoek) na hierdie kerke vanaf Nieuwmunster met 'n wa het soms weke geduur. Die kaart hieronder dui die ligging van die dorpe aan waar die stamvader sy kinders laat doop het.

⁹⁴ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 10; KAB, CJ, 2882, ref. 33, Swanepoel, Pieter Jansz skoolmeester kontrak, begindatum 1729.

⁹⁵ B. Booyens, *Nagmaalsnaweek deur die jare*, pp. 15-16

⁹⁶ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, pp. 12-759; D.A. Robertson, e-Family-website, “*The First Fifty Years Project*” by <http://www.e-family.co.za/ffy/ui29.htm>, 7 Julie 2012.



Figuur 12: Dorpe waar die Swanepoel-kindere gedoopt is ⁹⁷

⁹⁷ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 36.

2.5.2. Die Swanepoels en hulle meelewing by die Stellenbosch-gemeente

Die eerste gemeente op Stellenbosch, gestig in 1679, het ontstaan uit die behoefte van die klein boeregemeenskap aan die bediening van sakramente. In Julie 1686 gee kommandeur Simon van der Stel opdrag vir die bou van 'n kerk, drosdy en huise vir belangrike amptenare soos die predikant, sieketrooster, koster, smid en wamaker. Die oorspronklike kerk is in 1686 opgerig en later in 'n brand verwoes, waarna 'n ander kerk in 1717 gebou is, wat die gemeente tot 1862 bedien het.⁹⁸ Die kerk is vandag nog in gebruik.⁹⁹

Pieter en Maria Swanepoel is op 1 Mei 1712 op Stellenbosch (waarskynlik in die eerste kerk) getroud, aangesien Maria nog in die Stellenbosch-omgewing by haar ouers gebly het.¹⁰⁰ Alhoewel die plaas Nieuwmunster in die Land van Waveren (Tulbagh) sedert 1709 in leenbesit van Swanepoel was, is dit onduidelik of hy toe alreeds permanent daar gewoon het. Uit 'n sensusdokument wil dit voorkom of Pieter se eggenote, Maria, en haar twee kinders uit 'n vorige huwelik ten tye van die opstel van 'n sensusopgaaf op 27 April 1716 nog nie by hom op sy plaas gewoon het nie.¹⁰¹ Swanepoel se eersteling, Jan, is op 15 Oktober 1713 waarskynlik in die eerste Stellenbosch-kerkgebou gedoop, aangesien die tweede kerk eers in 1717 opgerig is. Hy is waarskynlik jonk dood want die tweede seun dra ook die

⁹⁸ O. Kruger, Sol Lustitiae-webwerf, "Die Christelike kerk op Stellenbosch 325 jaar oud" by <http://www.soljustitiae.co.za/insights/2011/10/29/die-christelike-kerk-op-stellenbosch-325-jaar-oud/>, 13 Julie 2012.

⁹⁹ P.L. Olivier, Wikipedia-webwerf, "Ons gemeentelike feesalbum", *Lys van die eerste 100 NG gemeentes in Suid Afrika* by http://af.wikipedia.org/wiki/Lys_van_eerste_100_NG_gemeentes_in_Suid-Afrika, 29 Junie 2012.

¹⁰⁰ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 9.

¹⁰¹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 10.

naam Jan en is in die Drakenstein-kerk gedoop.¹⁰² Die enigste dogter, Rosa, is in 1721 in Stellenbosch gedoop.¹⁰³



*Figuur 13: Stellenbosch se NG-moedergemeente is die tweede oudste in Suid-Afrika*¹⁰⁴

¹⁰² D.A. Robertson, e-Family-website, “*The First Fifty Years Project*” by <http://www.e-family.co.za/ffy/ui29.htm>, 7 Julie 2012.

¹⁰³ D.A. Robertson, e-Family-website, “*The First Fifty Years Project*” by <http://www.e-family.co.za/ffy/ui29.htm>, 7 Julie 2012.

¹⁰⁴ P.L. Olivier, Wikipedia-webwerf, “*Ons gemeentelike feesalbum*”, Lys van eerste 100_NG gemeentes in Suid-Afrika, by http://af.wikipedia.org/wiki/Lys_van_eerste_100_NG_gemeentes_in_Suid-Afrika, 29 Junie 2012.

2.5.3. Die Swanepoels en hulle meelewing by die Drakenstein-gemeente (Paarl)

Met die aankoms van Swanepoel in 1698 aan die Kaap het die Drakenstein-kerk, wat in 1691 opgerig is, alreeds bestaan. Die gemeente se eerste plek van samekoms was iewers in die buurt van Simondium geleë en was 'n nederige geboutjie van hout en klei wat deur sommige as 'n "vuile hokje" of " 'n gevaarte" beskryf is.¹⁰⁵ In 1717, onder leiding van ds. Petrus van Aken, is 'n behoorlike plek van aanbidding opgerig. Die alombekende Strooidakkerk (opgerig in 1805), is die oudste Nederduits Gereformeerde Kerk wat nog in Suid-Afrika in gebruik is. Alhoewel Swanepoel reeds op sy plaas Nieuwmunster in die Land van Waveren (Tulbagh) geboer het, het hy vier van sy seuns Jan (1715), Pieter (1718), Johannes (1723) en Jacobus (1725) in die Drakenstein-gemeente laat doop. Die doopdatums is in hakies aangedui.¹⁰⁶ Sy seun, Pieter, is die Swanepoel-afstammeling wat as uitgangspunt vir hierdie spesifieke genealogiese en historiese navorsing dien.



Figuur 14: Die Strooidakkerk in die Paarl (Drakenstein) ¹⁰⁷

¹⁰⁵ J. Erasmus, South Africa stamouers-webwerf, "Drakenstein-kerk" by <http://www.stamouers.com/sahistory/kerke.htm>, 29 Junie 2012.


¹⁰⁶ D.A. Robertson, e-Family-website, "The First Fifty Years Project" by <http://www.e-family.co.za/ffy/ui29.htm>, 7 Julie 2012.

¹⁰⁷ J. Steedman (fotograaf), "Strooidakkerk, Paarl" by <http://www.flickr.com/photos/14958189@N06/4231187104/>, 29 Junie 2012.

2.5.4. Die Swanepoels en hulle meelewing by die Kaapstad-gemeente

Op 18 Augustus 1665 het ds. Johannes van Arckel per skip in Tafelbaai aangekom. In sy dienstermyn in die Kaapstad-gemeente is 'n houtgebou as kerk gebruik. In Desember 1665 is die gebou van 'n steengewel en 'n vloer voorsien. Die fondament vir 'n kerkgebou is in 1687 gelê en die eerste volwaardige kerkgebou is op 6 Januarie 1704 ingewy.¹⁰⁸

Swanepoel laat sy laaste twee seuns, Hendrik (1731) en Abraham (1734), in Kaapstad doop.¹⁰⁹ Dit is nie duidelik hoekom die kinders daar gedoop is nie, aangesien hy op die plaas Nieuwmunster (Tulbagh) geboer het en die naaste kerk op daardie stadium in die Drakenstein-gebied (Paarl) was.



*Figuur 15: 'n Tekening van Kaapstad se steengeboude kerk*¹¹⁰

¹⁰⁸ C.R. Kotzé, *Die Katkisasieboek, Vaderlandse kerkgeskiedenis*, p. 370.

¹⁰⁹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, pp. 546, 765.

¹¹⁰ J. Erasmus, South Africa's stamouers-webwerf, "Kaapstad se steengeboude kerk" by <http://www.stamouers.com/sahistory/kerke.htm>, 29 Junie 2012.

2.5.5. Christelike meelewing in die Tulbagh-gemeente

Die veeboere het verder die binneland ingetrek, maar die Kompanjie was traag om meer gemeentes te stig. Uiteindelik is 'n kerkgebou in 1743 in die Land van Waveren opgerig met ds. Arnoldus Maurits Meiring (1743-1757) as predikant.¹¹¹ Die Swanepoels het waarskynlik in hierdie gemeente meegeleef totdat Pieter Jansz die plaas Nieuwmunster in 1747 aan sy skoonseun verkoop het.¹¹²

Die behoud van die veeboere se Christelike meelewing was hulle daaglikse kontak met die ou Nederlandse Statebybel met sy verklarende aantekeninge en die preekbundels van ou gereformeerde skrywers, nog in sewentiende eeuse Hollands, wat gelees is. Die godsdienstige karakter van die veeboere is die gevolg van getroue huisgodsdienste en huiskatkisasie. Die aflegging van die belydenis van die geloof was die hoogste vorm van geleerdheid (vandaar die woord *boerematriek*).¹¹³



*Figuur 16: Tulbagh se ou NG-kerkgebou, is tans 'n museum*¹¹⁴

¹¹¹ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 63.


¹¹² A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 11.

¹¹³ S. du Toit, *Kerkgeskiedenis*, hoofstukke 36 tot 39; B. Spoelstra: *"Die Doppers in Suid-Afrika 1760 -1899"*, hoofstukke 1 en 2.

¹¹⁴ P.L. Olivier, Wikipedia-webwerf, *"Ons gemeentelike feesalbum"*, *Lys van die eerste 100 NG gemeentes in Suid Afrika*, by http://af.wikipedia.org/wiki/Lys_van_eerste_100_NG_gemeentes_in_Suid-Afrika, 29 Junie 2012.

2.6. Migrasie van die trekboere en die invloed daarvan op die Swanepoel-familie

Die verhuising van trekboere uit die gebiede naby Kaapstad, Paarl, Stellenbosch en Franschhoek het na 1690 toegeneem en regdeur die agtiende eeu stelselmatig na die oostelike front uitgebrei. Die Swanepoel-familie was deel van, en somtyds op die voorpunt, van die migrasie.¹¹⁵



Figuur 17: Migrasie van die veeboere gedurende die periode 1720 tot 1770¹¹⁶


Jan de la Fontaine is in 1724 gekies as waarnemende goewerneur na die dood van lt.-kol. Maurits Pasques de Chavonnes. Vyf jaar later, met die dood van Pieter Gysbert Noodt, dien

Anon., eGSA-webwerf, "Oude Kerk Volksmuseum, Tulbagh, Western Cape, memorials" by http://www.eggsa.org/library/main.php?g2_itemId=265625, 15 September 2012.

¹¹⁵ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p.11.

¹¹⁶ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, p. 53.

hy vir 'n tweede termyn as goewerneur (1730 tot 1737).¹¹⁷ Volgens dr. A.J. Böeseken is 'n buitepos in 1734 by die Rietvallei aan die Buffelsjagtsrivier opgerig. Hierdie buitepos was tussen die huidige Heidelberg en Swellendam geleë, die gebied waar Swanepoel hom gevestig het nadat hy sy plaas, Nieuwmunster, aan sy skoonseun verkoop het.¹¹⁸



Figuur 18: Buffelsjagtsrivier¹¹⁹

¹¹⁷ D.J. Potgieter, et al. (eds), "Standard Encyclopaedia of Southern Africa", v. 3, p. 625.

¹¹⁸ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 62; D. Sleight, *Die Buiteposte*, pp. 571-577.

¹¹⁹ G. Philip, F.R.G.S.(ed.), *Philips' New large Print Atlas for South Africa*, p. 12.

De la Fontaine se doel met die stigting van die buitepos was om die veeboere teen die Khoi-Khoi en die roofsgtige Boesmans te beskerm, maar volgens Bøeseken het hierdie vinnige binnelandse uitbreiding sy eie probleme opgelewer.¹²⁰ Grensverskuiwing het byna deurlopend plaasgevind en trekboere het toe reeds die huidige George bereik en daarvandaan na die Langkloof getrek. In 1734 is die Groot Brakrivier geproklameer as die oostelike grens van die Kolonie.¹²¹

Alhoewel Swanepoel redelik suksesvol op Nieuwmunster geboer het, het hy om 'n onbekende rede besluit om nie self op die plaas aan te bly nie, en ook om die plaas nie aan een van sy seuns te bemaak of te verkoop nie. Rekords dui daarop dat hy die plaas aan sy skoonseun, Johannes Hendrik Conradie, wat met sy dogter, Rosa, getroud was, verkoop het. Conradie het op 26 Oktober 1747 oordrag van die plaas Nieuwmunster geneem.¹²²

In 1746 is Swellendam as dorp geproklameer. Swanepoel het gedurende hierdie tyd (of kort daarna) dieper die binneland ingetrek. Boekstaving deur A.H. Tromp dui aan dat Swanepoel reeds voor 1751 “aan de Breede Rivier genaamt de Rietvalley boven de Poesjenels Rivier” in die Swellendam-distrik gewoon het. Volgens Tromp het hy die plaas in 1759 weer aan Theunis Engels verkoop.¹²³ Swanepoel het waarskynlik by een van sy kinders gaan woon, want teen 1759 was Pieter reeds 80 jaar oud.¹²⁴

¹²⁰ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 62.

¹²¹ Whitlock/Whitfield Genealogy, “South African timeline - Groot Brakrivier geproklameer” by <http://whitlock.castlewebs.net/whitsend/tl1.htm>, 29 Junie 2012.

¹²² A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 11; D. Sleigh, *Die Buiteposte*, pp.571 tot 575.

¹²³ Robertson, 1853-A.H. Tromp-1953, p. 9.

¹²⁴ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 11.

Swellendam was naas Kaapstad, Stellenbosch en Drakenstein die volgende nedersetting wat deur die VOC gestig is. Dit is gedoen om beheer oor die veeboere buite die grense van die gevestigde areas te behou. Die goewerneur het besluit om die gebied oorkant die Breërivier onder die jurisdiksie van 'n plaaslike hof te plaas. Die Drostdy is gebou om die plaaslike Landdrost (magistraat) te huisves en is in 1747 voltooi. Dieselfde jaar is hierdie nuwe distrik vernoem na goewerneur Hendrik Swellengrebel en sy vrou, Helena ten Damme.¹²⁵



*Figuur 19: Die Drostdy in Swellendam is in 1747 gebou*¹²⁶

¹²⁵ TANAP, "Plekke na lede van die Politieke Raad vernoem" by http://www.tanap.net/content/activities/documents/resolutions_Cape_of_Good_Hope/introduction_afrikaans/39.htm, 29 Junie 2012.

¹²⁶ L. Howard (ed), Drostdy Museum-webwerf, "Drostdy Museum-Swellendam" by <http://www.drostdymuseum.com/>, 29 Junie 2012.




*Figuur 20: Die Nederduits Gereformeerde Kerk (Moederkerk) Swellendam*¹²⁷

Ryk Tulbagh het sy swaer, Hendrik Swellengrebel, in 1751 as goewerneur opgevolg. Tulbagh het die Batavia weeldewette aangepas om sodoende oordadigheid onder die amptenary te beperk. Hy was verder verantwoordelik vir die kodifisering van die slawe-wette in die sogenaamde Tulbagh-kode, 'n stel reëls van toepassing op die beheer van slawe in die Kolonie, wat in 1754 gepubliseer is. Tulbagh het heelwat gedoen om die gevolge van die pokke-epidemies van 1755 en 1767 te temper. Hy was 'n gewilde goewerneur en het die eretitel, "Vader Tulbagh", verwerf vir sy bydrae tot die ontwikkeling van die gemeenskap. Die dorp, Tulbagh, in *Die Land van Waveren*, is as erkenning daarvoor geproklameer.

¹²⁷ Fihliwe's photostream, "Moederkerk Swellendam" by http://it.wikipedia.org/wiki/File:Moederkerk_Swellendam.jpg, 29 Junie 2012.

2.7. Eerste geslag van die geselekteerde Swanepoel-familie

(Kyk addenda A en N)




Figuur 21: Die eerste geslag Swanepoels

Pieter Swanepoel, die derde seun van Pieter Jansz, was blootgestel aan verskeie elemente tydens die verskuiwing van die grense vanaf die pragtige vallei tussen die Obikwa- en Witsenberge, die huidige Tulbagh tot in die omgewing van Rawsonville.

Swanepoel is op 10 Julie 1718 in die Drakenstein-kerk gedoop. Hy het vermoedelik tot op 18-jarige ouderdom by sy ouers, die stamvader Pieter Jansz Swanepoel, op die plaas Nieuwmunster gebly. Daarna het hy in “*de Slangehoek op zyn plaats*” gaan woon. Slangehoek is in die omgewing van Rawsonville, ongeveer 45 km vanaf die “Land van Waveren” geleë.¹²⁸

¹²⁸ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 12.



Figuur 22: Kaart wat Tulbagh en Rawsonville aandui ¹²⁹

Pieter is op 11 Februarie 1742 met Martha Elizabeth Botha in die Drakenstein-gemeente getroud.¹³⁰ Die huweliksbevestiging is waargeneem deur ds. Salomon van Echten.¹³¹ Martha is gebore in 1726 en gedoop op 15 Desember 1726 in Stellenbosch.¹³² Die kerk in Tulbagh is eers in 1743 gebou en is 'n moontlike rede waarom hulle in die Drakenstein-gemeente getroud is.¹³³ Uit hierdie huwelik is agt seuns en drie dogters gebore. Twee van

¹²⁹ G. Philip, F.R.G.S.(red.), *Philips' New large Print Atlas for South Africa*, p. 12.

¹³⁰ D.A. Robertson, e-Family-website, "The First Fifty Years Project" by <http://www.e-family.co.za/ffy/ui29.htm>, 7 Julie 2012.

¹³¹ D.A. Robertson, e-Family-website, "The First Fifty Years Project" by <http://www.e-family.co.za/ffy/ui29.htm>, 7 Julie 2012.

¹³² D.A. Robertson, e-Family-website, "The First Fifty Years Project" by <http://www.e-family.co.za/ffy/ui29.htm>, 7 Julie 2012.

¹³³ Whitlock/Whitfield Genealogy, "South African timeline - Drakenstein-gemeente" by <http://whitlock.castlewebs.net/whitsend/tl1.htm>, 15 Mei 2011.

die seuns, Abraham Christoffel Johannes en Hendrik Jacobus, is deel van die geselekteerde tweede groep wat beskryf word.

In argiefstukke van Stellenbosch kom Swanepoel se naam voor op 'n lys van persone wat tussen 1736 en 1744 op kommando-veldtogte uitgegaan het. In daardie tyd is sy adres aangedui as *“in de Slangehoek op zyn plaats”* en *“op syn selfs aan d' Olifantsrivier by Pieter de Villiers”*.¹³⁴

In die testament van Pieter Swanepoel, wat in 1775 opgestel is, bemaak hy sy slaaf Beyer van de Kaap, aan sy seun, Hendrik Swanepoel.¹³⁵ Pieter Swanepoel se vrou, Martha Elisabeth Botha, stel in 1805 'n testament op¹³⁶ wat in 1809 verander is.¹³⁷ Alhoewel Pieter se sterfdatum nie bekend is nie, is dit waarskynlik gedurende 1805, aangesien sy vrou in 1805 'n testament opgestel het.

2.8. Bloedvermenging in die Swanepoel-familie

Pieter Swanepoel se vrou, Martha Elisabeth Botha, is 'n afstammeling van 'n Indiese slavin, Catharina van Malabar (Bengale).¹³⁸ Martha se oumagrootjie, Catharina van Malabar, het na die Kaap gekom as 'n volbloed Oosterse slavin vanaf die kus van Malabar in Indië.

¹³⁴ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 12.

¹³⁵ KAB, Meester van die Hooggeregshof (MOOC), 7/1/45, 22 ½, Swanepoel Pieter, 1775, bemaak slaaf aan sy seun Hendrik Swanepoel-testament.

¹³⁶ KAB, MOOC, 7/1/58, 43, Swanepoel Martha Elisabeth 1805, stel 'n testament op na die dood van haar man, Pieter Swanepoel.

¹³⁷ KAB, MOOC, 7/1/161, 75, Swanepoel Martha Elisabeth 1809, verander die testament.

¹³⁸ D.A. Robertson, e-Family-website, “The first Fifty Years Project”, *Martha Elisabeth Botha* by www.e-family.co.za, 30 Junie 2012; F.W. Marx, *Slawespore*, p. 12; J. A. Heese, *Die herkoms van die Afrikaner 1657-1867*, pp. 6,7.

Catharina is op 15 Maart 1676 met Cornelis Claasen getroud. Claasen het hom vanaf die dorp Utrecht uit Nederland in die Kaap kom vestig. Hierdie paartjie is 'n voorbeeld van 'n verbintenis tussen 'n wit man en 'n slavin, asook waar 'n huwelik plaasgevind het nadat een of meer kinders uit 'n buite-egtelike verhouding gebore is. Na so 'n huwelik is die kinders meesal op gelyke voet met die kinders van blanke egpare aanvaar. Catharina en Cornelis het nege kinders gehad, wat in die vryburger-gemeenskap opgeneem is.¹³⁹

Hierdie geval van bloedvermenging was egter nie uniek in daardie tyd nie. Gedurende die eerste honderd tot honderd-en-vyftig jaar na Jan van Riebeeck se koms, het bloedvermenging tussen inheemse, Europese en Oosterse elemente voorgekom.¹⁴⁰

Bloedvermenging tussen rasse afkomstig uit ten minste drie vastelande is 'n historiese realiteit in die Suid-Afrikaanse bevolkingsamestelling en 'n beduidende gedeelte blanke Afrikaners kan hulle genetiese oorsprong na slawe-voorouers terugspoor.¹⁴¹ Sogenaamde rassuiwerheid is derhalwe 'n mite wanneer dit as maatstaf in politieke argumentering aangewend word: Wat sou die norm wees waaraan dit meetbaar is? Fisieke eienskappe (soos 'n ligte vel en steil hare) kan wel aan 'n elitegroep van Ariese oorsprong toegeken word, maar veronderstel nie noodwendig superioriteit (of die gebrek daaraan) nie. Die skandvlek van bloedvermenging (histories en resent) het in die heersende sosiale bestel irrelevant geraak, hoewel dit in die Suid-Afrikaanse geskiedenis 'n deurslaggewende rol gespeel het in die unieke komposisie van die Suid-Afrikaner se samestelling vanuit 'n holistiese benadering.

¹³⁹ F.W. Marx, *Slawespore*, p. 12; A.M. van Rensburg, My genetic enrichment webwerf, "Slaves at the Cape, South Africa" by <http://www.oocities.org/athens/rhodes/1266/genetic.htm>, 30 Junie 2012.

¹⁴⁰ F.W. Marx, *Slawespore*, p. 1.

¹⁴¹ S. Marshall, South Africa-info-website, "What's in a (South African) name?" by <http://www.safrika.info/about/history/mixedmarriages-genealogy.htm>, 15 Mei 2012; J. A. Heese, *Die herkoms van die Afrikaner 1657-1867*, pp. 6, 7.

Die geskiedskrywer, F.A.van Jaarsveld, beweer dat daar sewe persent nie-blanke en drie persent onbekende gemengde bloed teenwoordig was in die sogenaamde blankes van daardie tyd.¹⁴² Dit word bevestig deur J.A. Heese, dat tussen 7,2 en 10,7 persent van die lewende Afrikaner bevolking in 1807 van Afrika en Asiatiese oorsprong is.

Bloedvermenging en kulturele integrasie tussen die wit mense van Europese afkoms en mense van Asiatiese afkoms, soos Catharina van Malabar, het derhalwe 'n besliste invloed op die genetiese samestelling en leefstyl van spesifieke nasate van die Swanepoel-familie gehad. Hierdie aspek van die geskiedenis het 'n impak op hul geestelike lewe gehad. Synde afkomstig uit 'n Moslem-agtergrond beteken dit waarskynlik dat Catharina binne 'n Westerse patriargale stelsel en vanweë haar ondergeskikte posisie as slavin, haar geloof by haar nuwe sosiale posisie moes aanpas. Godsdienstige akkulturasie was noodwendig, indien in ag geneem word dat die Swanepoel-familie vertakking onder bespreking steeds 'n tipiese Calvinistiese leefstyl gehandhaaf het – soos veral blyk uit hul meelewing in die kerk en algemeen aanvaarde sosiale praktyke van hul tyd.

Hierdie situasie is gekompliseer deur die opvoedings- en onderrigsituasie van die tyd, waar die trekboere meestal geïsoleer en uitgelewer was aan hulle eie kennis, vaardigheid en vindingrykheid. Die neerslag van die Moslem-geloof en die uitbouing daarvan het nie verdwyn omdat die draers daarvan slawe en slavinne was nie. Die opgetekende bewaringsbewyse (boekstawing) van die Maleiers se kultuuruitlewering bevestig dat hulle as minderheid in 'n ondergeskikte posisie nie hul bande met hul herkoms verbreek het nie, maar aspekte daarvan aan hul kinders en ook binne die huishoudings waarvan hulle, soos Catharina, deel geword het, oorgedra het.


2.9. Leefstyl van die trekboere

Die Swanepoel-familie was by uitstek trekboere en midde in die stryd, soos baie ander veeboere, om oorlewing. Met die aanwas van die veeboerfamilies was daar heeltyd 'n behoefte vir meer weiveld. Selfstandige seuns het dieper die binneland ingetrek om

¹⁴² F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, p. 41; Sien ook Ernst Kotze se studie oor Moslems se Kaapse kultuur-uitlewering. UPE.

weivelde te soek waar hulle self kon boer. Die jag van wild vir kos het die trek van boere voorafgegaan. Ander faktore wat hier 'n rol gespeel het is die geleentheid om vee van die Boesmans te ruil en dat die veeboere meer bewegingsvryheid sou hê wat die binneland gebied het. Dit het die trek weg van die beskawing af aangemoedig.¹⁴³

Daar was nie veel geriewe nie en die trekboere moes hulle verlaat op 'n ossewa en moes meesal in die veld oornag. Dit word aanvaar dat die Swanepoels, net soos al die ander trekboere, ossewaens as vervoermiddels gebruik het en in hartbees- en korbeelhuise gebly het. Die waens het hulle oorsprong gehad uit vyftiende en sestiende eeuse Hollandse en Duitse plaaswaens. Hierdie waens was relatief lig en is oorspronklik deur twee perde getrek. Die rowwe en ongelyke Suid-Afrikaanse terrein het egter vereis dat hierdie ontwerp aangepas is, sodat die wa sterker is. Hierdie aanpassing het behels dat kakebeenwaens in afsonderlike dele, wat onafhanklik beweeg, gemaak is. Sodoende kon voorkom word dat die wa breek wanneer dit oor ongelyke terrein beweeg. Die voordeel van hierdie ontwerp was dat die wa uitmekaar gehaal en die dele afsonderlik teen steil berghellings afgedra en weer aanmekaargesit kon word. Wanneer een deel van die wa breek, kon die trekboer hierdie deel vervang sonder dat die res van die wa in die slag bly. Daar is van osse in plaas van perde gebruik gemaak, aangesien osse sterker as perde en bestand teen die gevreesde perdesiekte was. Die vorm van die wa se sykante of lere het soos 'n kakebeen gelyk.¹⁴⁴




*Figuur 23: Voorbeeld van 'n kakebeenwa*¹⁴⁵

¹⁴³ P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartsebeweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, P. 359.

¹⁴⁴ Anon., Boere Eenheid Forum-webwerf, "beskrywing van die ossewa" by <http://www.boereenheid.co.za/viewtopic.php?f=50&t=167>, 30 Junie 2012.

¹⁴⁵ B. Joubert, *An historical perspective on animal power use in South Africa*, p. 126.

Die trekboere se hartbeeshuise (as tydelike woonplekke) was baie eenvoudiger as dié van die vermoënde mense in Kaapstad en omstreke. Dit was 'n eenvoudige bouvorm, en is sedert die negentiende eeu as gevolg van kontak met die blankes, ook deur baie swartmense nagevolg. Voor dié was die swartmense se huise hoofsaaklik rond. Hartbeeshuise is maklik deur insekte verniel en het soms weens swaar reën ineengestort. Die benaming hartbeeshuis het niks met die hartbees (dier) te doen nie, maar is 'n vervorming van die samevoeging van *harub*, die Khoi-woord vir biesies, en die Afrikaanse woord biesies self. Uit *harub+biesies+huis* het die benoeming van hartbeeshuis ontstaan. Dié huise is agtergelaat wanneer verder getrek is.¹⁴⁶



*Figuur 24: Voorbeeld van 'n hartbeeshuis*¹⁴⁷

Korbeelhuise is meesal dieper in die Karoo gebruik waar daar nie ander boumateriaal beskikbaar was nie. Daar word vermoed dat 'n Europese messelaar dié boukunskennis na Suid-Afrika gebring het.¹⁴⁸ As gevolg van 'n gebrek aan timmerhout in die Karoo is die hele huis uit klip gebou. Die "sement" was 'n mengsel van kaf en grond wat met water gemeng en geknie is totdat die regte tekstuur verkry is.

¹⁴⁶ B. Joubert, *An historical perspective on animal power use in South Africa*, p. 127.

¹⁴⁷ B. Joubert, *An historical perspective on animal power use in South Africa*, p. 127; A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 104.

¹⁴⁸ Anon., Williston Tourism-website, "*Korbeelhuis*" by <http://www.karoohoogland.co.za/willistontourism.htm>, 30 Junie 2012.

Korbeelhuse (Engels: “*corbelled houses*”) het sirkelvormige mure wat tot op twee meter vertikaal is en daarna buig dit met verdrag na binne totdat dit by die bopunt bymekaarkom. Die oorblywende opening is dan met ’n groot, plat klip gesluit as die weer guur is. Plat klippe is op gerieflike hoogtes as trapplek gelaat. Die vloere het bestaan uit miershoopklei wat met osbloed gemeng is. Die vroue het dit poleer en met vet ingevryf totdat die spieëlglatte oppervlak rooibruin skitter. Reg oorkant die deure is ’n venstertjie met ’n houtluik ingebou. Hierdie venstertjies was doelbewus klein en soms skuins in die muur gemaak sodat aanvallende Khoikhoi of Boesmans nie maklik en direk met hul pyle by die huis kon inskiet nie. Oorspronklik was daar nie hout om deure van te maak nie en die gespanne velle van perde of beeste is voor die deuropeninge gehang. In die mure is nisse vir pakplek ingebou en aan hake en drade is biltong en ander huishoudelike goed gehang. Soos wat die landboupioniers vooruit geboer het, het hulle nóg korbeelhuse aangebou. Die meubels was beperk tot ’n katel, tafel, ’n paar stoele en ’n wakis vir klere.¹⁴⁹



*Figuur 25: Voorbeeld van ’n korbeelhuis in die Karoo*¹⁵⁰

Aan die begin van die agtiende eeu het die trekboere stelselmatig in noord- en ooswaartse rigtings getrek. Tot aan die einde van die jare dertig het hulle voortbeweeg tussen die

¹⁴⁹ J. Friis, “*Reis in Afrikaans, Stuurmansfontein, Kliprondawels*” by <http://reisinafrikaans.blogspot.com/2008/08/stuurmansfontein-kliprondawels-is.html>, 12 Julie 2011.

¹⁵⁰ Anon., Williston Tourism-website, “*Korbeelhuis*” by <http://www.karoohoogland.co.za/willistontourism.htm>, 11 Julie 2011.

kusstrook en die berge wat parallel met die kus loop. In die noordweste was die dorre, woestynagtige streek swak voorsien van standhoudende water, en in die ooste was daar digte woude. Teen 1730 het die boere oor die berge begin trek, en na 1740 het die noordwaartse trekkers oos geswenk en omstreeks 1770 die Visrivier bereik.¹⁵¹

Pieter Swanepoel het in 1736 vanaf Tulbagh in die Breederiviervallei tot in die Slanghoek omgewing, naby die huidige Rawsonville, getrek – 'n afstand van 45 kilometer. Alhoewel dit in vandag se tyd gereken 'n kort afstand is, kon dit in daardie dae met 'n ossewa nie maklik gewees het nie.

Volgens die opgaafrolle van Uitenhage (J110) het Pieter Swanepoel in 1792 reeds in die Uitenhage-distrik gewoon.¹⁵² Uitenhage het toe deel uitgemaak van die groter Graaff-Reinet-distrik en dit is nie bekend in watter deel van die distrik hy gewoon het nie. Dit is ook nie seker wanneer hy vanaf Slangekop daarheen getrek het nie. Sedert 1770 het daar reeds trekboere in die huidige Graaff-Reinet-distrik gewoon, maar die eerste gemeente is eers in 1792 gestig.¹⁵³

Die veeboere het maar 'n armoedige bestaan gevoer. Alhoewel hulle in die algemeen groot kuddes groot- en kleinvee gehad het, kon hulle maar geringe geldelike voordele daaruit trek en is hulle tot 'n betreklik primitiewe lewenswyse gedwing. Die beperkte vervoermiddels het Kaapstad moeilik bereikbaar gemaak. Hulle het wild gejag om in hulle vleisbehoeftes te voorsien en water uit strome, fonteine en riviere was die daaglikse bron van water. Heuning was egter volop en hulle het soms daarvan bier gemaak.¹⁵⁴

¹⁵¹ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 88.

¹⁵² A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p.12.

¹⁵³ W.N. Spence, NG Grootkerk Graaff-Reinet-webwerf, "NG Grootkerk Graaff-Reinet" by <http://www.nggrootkerk.co.za/geskiedenis.html>, 2 Julie 2012.

¹⁵⁴ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 103, 104.



*Figuur 26: 'n Trekboer en sy vrou oppad na die binneland*¹⁵⁵

Die geselekteerde groep Swanepoels het stelselmatig in die rigting van die huidige Oudtshoorn, Uitenhage en Graaff-Reinet getrek. Oudtshoorn was in die tyd van Pieter Swanepoel deel van die huidige Beaufort-Wes-distrik. Die dorp Beaufort-Wes is eers in 1818 op die plaas Hooyvlakte deur goewerneur Lord Charles Somerset geproklameer.¹⁵⁶

2.10. Grensverskuiwings en die stigting van Oudtshoorn

Sekere trekboere het hulle in 1789 op die plaas Hartenbeesrivier gevestig, maar die stigting van Oudtshoorn het eers in 1839 op die wal van die Grobbelaarsrivier plaasgevind. “Die dorp Oudtshoorn het ontstaan op twee plase wat aan Cornelis Petrus Rademeyer behoort het. Die eerste permanente gebou in die Klein Karoo, ’n Nederduits-Gereformeerde kerk, is in 1839 naby die oewer van die Grobbelaarsrivier opgerig. Die dorp Oudtshoorn het rondom hierdie kerkgebou begin groei en is vernoem na baron Pieter van Rheede van Oudtshoorn, wat in 1772 as goewerneur van die Kaapkolonie benoem is, maar tydens die seereis op pad na die Kaap oorlede is”.¹⁵⁷

¹⁵⁵ C. D. Bell, Wikipedia-webwerf “Trekboere” by http://en.wikipedia.org/wiki/File:TrekBoers_crossing_the_Karoo.jpg, 10 Maart 2011; A.J.H.van der Walt, J.A .Wiid & A.L. Geyer (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 98, 99.

¹⁵⁶ J.J. Marais, Boloka, North-West University institutional repository, “Beaufort-Wes: ’n oorsig van die geskiedenis van die dorp en distrik” by <http://dspace.nwu.ac.za/handle/10394/5062>, 30 Junie 2011.

¹⁵⁷ J. Seligman, Oudtshoorn-webwerf, “Pieter van Rheede van Oudtshoorn” by http://www.seligman.org.il/oudtshoorn_history.html, 11 Februarie 2011.



*Figuur 27: Die bestaande Nederduits Gereformeerde Kerk in Oudtshoorn*¹⁵⁸


Die distrik Uitenhage is in die Bataafse tyd geproklameer en het naas Graaff-Reinet die twee Oosgrens-distrikte gevorm. Die eerste landdros was Lodewyk Alberti by Fort Frederick.¹⁵⁹ Die dorp Uitenhage is op 25 April 1804 deur landdros Jacob Glen Cuyler aangelê. Die goewerneur van die Kaapkolonie, Jan Willem Janssens, het die dorp na die Kaapse kommissaris-generaal, Jacob Abraham Uitenhage de Mist vernoem. Eers met die Britse oorname in 1806 is Cuyler as landdros na Uitenhage gestuur. Uitenhage was deel van die distrik Graaff-Reinet en het eers in 1877 munisipale status verkry, terwyl Graaff-Reinet gedurende 1786 geproklameer is.¹⁶⁰

¹⁵⁸ J. Seligman, Oudtshoorn-webwerf, “NG Kerk in Oudtshoorn” by http://www.seligman.org.il/oudtshoorn_history.html, 30 Junie 2011.

¹⁵⁹ New Media Holdings, Inc..., “Uitenhage” by <http://www.southafrica.com/eastern-cape/uitenhage/>, 1 Julie 2012; SAHO-webwerf, “Uitenhage” by <http://www.sahistory.org.za/places/uitenhage>, 30 Julie 2013.

¹⁶⁰ New Media Holdings, Inc..., “Uitenhage” by <http://www.southafrica.com/eastern-cape/uitenhage/>, 1 Julie 2012; SAHO-webwerf, “Uitenhage” by <http://www.sahistory.org.za/places/uitenhage>, 1 Julie 2012.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Uitenhage is in 1817 gestig. 'n Tydelike NG Kerkgebou, wat ook as 'n skool gebruik is, is in 1811 voltooi maar die eerste permanente gebou is in 1843 voltooi. Die inhuldiging van die kerk het op 27 Augustus 1843 plaasgevind en dit was die tiende kerk wat in die Kaapkolonie gebou is.¹⁶¹




*Figuur 28: Uitenhage omstreeks 1860 met die vorige NG-kerkgebou as middelpunt*¹⁶²

¹⁶¹ Anon., SAHO-webwerf, "Inhuldiging van die Uitenhage kerk" by <http://www.sahistory.org.za/places/uitenhage>, 20 Junie 2012.

¹⁶² P.L.Olivier, Wikipedia-webwerf, "NG kerkgebou in Uitenhage" by http://af.wikipedia.org/wiki/NG_gemeente_Uitenhage, 13 April 2011.

2.11. Die tweede geslag van die geselekteerde Swanepoel-familie

(Kyk na addenda A en N)



Figuur 29: Die tweede geslag Swanepoels

Twee van die seuns van Pieter Swanepoel (eerste geslag), Abraham Christoffel Johannes- (sr.) en Hendrik Jacobus Swanepoel, is deel van die beskrywing van die geselekteerde Swanepoel-groep. Abraham en Hendrik is beskryf omdat hulle kleinkinders met mekaar getroud is (Sien verdere beskrywing in hoofstuk 4).

Abraham, die agtste kind van Pieter, is op 25 Desember 1760 in Tulbagh gedoop.¹⁶³ Hy is op 21 Desember 1783 in Stellenbosch met Geertruida Bronkhorst getroud. Sy tweede huwelik was op 9 Junie 1822 in Beaufort-Wes met Johanna Maria Botha (weduwe van Andries van Rooyen).¹⁶⁴

¹⁶³ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 263.

¹⁶⁴ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 263.

Hendrik, die twaalfde kind van Pieter, is op 6 Oktober 1770 in Graaff-Reinet gedoop. In die lig daarvan dat die NG Kerk in 1792 gestig is,¹⁶⁵ is die plek van Hendrik se doop onverklaarbaar. Hy is op 28 November 1790 met Isabella Jacoba Esterhuijzen in Kaapstad getroud¹⁶⁶ en uit hierdie huwelik is Isabella Johanna Adriana Swanepoel gebore soos beskryf in hoofstuk 3. Hy is 'n tweede keer in 1800 met Maria Jacoba Smit getroud en uit die huwelik is Willem Jacobus Swanepoel gebore.¹⁶⁷ Willem is met sy halfsuster, Isabella Johanna Adriana Bantjés (Swanepoel) se dogter, soos beskryf in hoofstuk 3, getroud. Om die ondertrouery in hierdie familie verder te kompliseer, is die dogter van Willem, Maria Jacoba Swanepoel met die kleinseun van Abraham, Pieter Andries Swanepoel, getroud.¹⁶⁸ Dit is die navorser se mening dat ondertrouery in families dikwels voorgekom het as gevolg van die klein bevolking, lang afstande en primitiewe vervoermiddels. Hierdie verskynsel is dus nie uniek nie en dit mag dalk verduidelik waarom sekere oorerflike siektes in families voorkom.

Abraham (sr.) is in die Rawsonville-distrik gebore en het saam met sy ouers na Uitenhage/Graaff-Reinet-distrik getrek. Hendrik is in die Uitenhage/Graaff-Reinet-distrik gebore en albei die seuns het daar gebly totdat hulle selfstandig was.

Tydens die periode 1778 tot 1795 was daar reeds 'n stryd tussen die Vryburgers en VOC-amptenare, die grensboere, Khoi-Khoi, Boesmans, Xhosas, asook tussen verskillende persone en liggame wat met die Kaapse bestuur en administrasie belas was.¹⁶⁹

¹⁶⁵ W.N. Spence, NG Grootkerk-webwerf, "NG Groot Kerk Graaff-Reinet" by <http://www.nggrootkerk.co.za/geskiedenis.html>, 20 Mei 2012.

¹⁶⁶ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 303.

¹⁶⁷ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 315.

¹⁶⁸ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 268.

¹⁶⁹ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 82, 83.

Volgens professor C.F.J. Muller is daar vier faktore wat 'n rol gespeel het in die stryd om oorlewing:

- Die botsings van die grensboere met die suidweswaarts bewegende Xhosas op 'n vaste en breë front.
- Die openbaring van demokraties-revolusionêre denkbeelde by die koloniste.
- Die versnelde tempo in die agteruitgang van die VOC – soos ook die verdeelde Nederlandse Republiek.
- Die twee Britse vlootaanslae op die Kaapse Skiereiland.¹⁷⁰

Aan die einde van 1778 verskuif die Kaapkolonie se grense tot by die Buffels-, Zak- en Visrivier.¹⁷¹ Die Xhosa-stamme was 'n groot bedreiging, aangesien die grens deel was van die Oos-Kaap waar die Xhosas gewoon het. Na die eerste grensoorlog (1779 tot 1781) is die grens tussen die Vis- en Sondagsriviere vasgestel.¹⁷² Die grensgebiede is gelyktydig uit die noorde deur die Boesmans en in die ooste deur die Xhosas aangeval en het die regering besluit om sy militêre mag op die Boesmans toe te spits. Verskeie oproere van die “*Bosjesmen*” het tussen 1790 tot 1799 plaasgevind, waartydens tussen 2000-3000 gedood is. Gedurende 1789 tot 1793 vind die tweede grensoorlog plaas en verskuif die grensgebied na die westekant van die Sondagsrivier.¹⁷³ Met die derde grensoorlog vyf jaar later is die Sondagsrivier as die nuwe grensgebied bevestig.¹⁷⁴ Na die Britse anneksasie van die Kaap in 1806 is die klagtes en petisies van die veeboere oor die Xhosa-ooproere erken. Britse ekspedisies, onder bevel van kolonel John Graham en later Harry Smith, is na die front

¹⁷⁰ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 82.

¹⁷¹ S. Marshall, *Stamouers-webwerf*, “*Grens tussen Buffels-, Zak- en Visrivier - Extracted from A History of the South African College by W. Richmond, 1918*” by http://www.stamouers.com/sahistory/places_in_sa2.htm, 1 Mei 2011.

¹⁷² Myfundi aanlyn-ensiklopedie, “*Eerste Grensoorlog (1779-1781)*” by http://myfundi.co.za/a/Oos-Kaapse_Grensoorlo%C3%AB_II:_Tydlyn, 1 Julie 2012.

¹⁷³ Myfundi aanlyn-ensiklopedie, “*Tweede Grensoorlog (1789-1793)*” by http://myfundi.co.za/a/Oos-Kaapse_Grensoorlo%C3%AB_II:_Tydlyn, 1 Julie 2012.

¹⁷⁴ Myfundi aanlyn-ensiklopedie, “*Derde Grensoorlog (1799-1803)*” by http://myfundi.co.za/a/Oos-Kaapse_Grensoorlo%C3%AB_II:_Tydlyn, 1 Julie 2012.

gestuur om nie net die veeboere teen die Xhosas te beskerm nie, maar ook om 'n permanente Britse teenwoordigheid te verseker.¹⁷⁵

Verdere aanvalle van die Xhosas het in 1817 gevolg, direk as gevolg van 'n poging deur die koloniale owerhede om terugbetaling te eis vir gesteelde vee. Op 22 April 1817, onder leiding van die profeet-stamhoof Makana, het hulle Grahamstad, op daardie tydstip deur 'n handvol blanke troepe beset, aangeval. Hulp het betyds aangekom en die aanvallers is teruggedryf. Daarna is ooreengekom dat die land tussen die Vis- en Keiskammariviere neutrale gebied sou wees.¹⁵⁶

Alhoewel die betrokkenheid van Abraham (sr.) en Hendrik by die grensoorloë nie bevestig kan word nie, kan hulle moontlike deelname nie uitgesluit word nie. Die grensoorloë en besetting van die Kaap deur die Britte was van die grootste aanleidende oorsake tot die Groot Trek. Abraham (jr.), seun van Abraham, en Willem, seun van Hendrik, was deel van die Groot Trek en word in hoofstuk 3 beskryf.



*Figuur 30: Die Drosdy is gedurende 1806 voltooi*¹⁷⁶

¹⁷⁵ H.Giliomee, Die AfrikanFaganers, 2004, “Die eerste vyf grensoorloë” by <http://www.woes.co.za/bydrae/artikel/tea-die-eerste-vyf-grensoorloe>, 1 Julie 2012.

2.12. Christelike meelewing van die tweede geslag Swanepoels

Graaff-Reinet, vernoem na goewerneur Jacob van der Graaff en sy vrou, Cornelia Reinet, is in die huidige Oos-Kaap geleë en is naas Kaapstad, Stellenbosch en Swellendam die vierde oudste dorp in Suid-Afrika.


Die gemeente Graaff-Reinet is op 11 November 1792 gestig en die eerste kerkgebou was vermoedelik laer af in Kerkstraat. Hierdie eerste gebou het in 1799 afgebrand. Na verskeie verdragings is die tweede Graaff-Reinet kerkgebou, wat gebou is waar die huidige Grootkerk staan, op Sondag 28 September 1800 deur ds Ballot ingewy.

Ná die aankoms van ds Andrew Murray in 1822 is daar dadelik begin met die oprigting van die derde kerkgebou. Die vorige een is geheel gesloop en dienste is in die opelug en op plase gehou. Die derde gebou is in 1823 voltooi. Die gebou met sy strooidak, statige gewels, kloktoring en ringmuur het die gemeenskap vir 60 jaar bedien. Die feit dat Hendrik se seun Willem, asook Abraham (jr.), die seun van Abraham (sr.) albei in hierdie kerk gedoop is, bevestig die voortgesette Christelike meelewing van die tweede en derde geslagte Swanepoels binne die gevestigde strukture.

(Die huidige sierlike kerkgebou se ontwerp is grootliks gebaseer op die Salisbury-katedraal in Engeland en is op 10 September 1887 ingewy).¹⁷⁷

¹⁷⁶ Anon., Wikipedia-webwerf, "Drostdy in *Graaff-Reinet*" by http://en.wikipedia.org/wiki/File:Drostdy_Graaff-Reinet.jpg, 2 April 2011.

¹⁷⁷ W.N. Spence, NG Grootkerk Graaff-Reinet-webwerf, "*NG Grootkerk Graaff-Reinet*" by <http://www.nggrootkerk.co.za/geskiedenis.html>, 2 Julie 2012.



Figuur 31: Die huidige kerkgebou ¹⁷⁸

Ongelukkige trekboere het in 1795 onsuksesvol outonoom van VOC-beheer, maar lojaal aan die State-Generaal, 'n republiek in die Graaff-Reinet-distrik verklaar.¹⁷⁹ Die Graaff-Reinet-omgewing is ryk aan geskiedenis en verskeie bekende Voortrekker-persoonlikhede het daarvandaan gekom, onder andere Andries Pretorius, Andries Hendrik Potgieter en Gerrit Maritz.¹⁸⁰

¹⁷⁸ W.N. Spence, NG Grootkerk Graaff-Reinet-webwerf, “NG Grootkerk Graaff-Reinet” by <http://www.nggrootkerk.co.za/geskiedenis.html>, 2 Julie 2012.

¹⁷⁹ Anon., SAHO-webwerf, “Graaff-Reinet outonome republiek” by <http://www.sahistory.org.za/dated-event/graaff-reinet-fourth-oldest-town-south-africa-founded>, 2 Julie 2012; C. Beyers, *Die Kaapse Patriotte*, hoofstuk 1, pp. 237-248.

¹⁸⁰ Anon., Dugeot se Mieliestronk.com-webwerf, “Leiers van die groot trek” by <http://www.mieliestronk.com/trekleiers.html>, 2 Julie 2012.

Die foto hieronder wys Pastoriestraat in Graaff-Reinet met sy besondere Karoo-huise. In die agtergrond is die Kaaps-Hollandse Reinet-huis wat in 1806 gebou is en wat oorspronklik die NG Kerk se pastorie was.



*Figuur 32: Die Kaaps-Hollandse Reinet-huis wat in 1806 gebou is*¹⁸¹

2.13. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die rol en invloed van die Swanepoel-familie op die gebeure en denke van hul onderskeie tydperke met spesifieke verwysing na konfliktsituasies wat die gemeenskap as geheel en die individue afsonderlik geraak het, beklemtoon. Die rol en invloed van die kerk en Christelike meelewing in die lewensloop van die Swanepoel-familie is uitgewys. Hulle aktiewe meelewing binne gemeenteverband was beperk tot tradisionele hoogtepunte: doop, nagmaal, troues en begrafnisse. Tesame met hulle verbondenheid aan die Bybel as opvoeding- en onderrigmedium en die rol van huisgodsdienst het dit 'n invloed gehad op die uitdra van die Protestantse geloof in Suid-Afrika. Talle historiese dokumente oor hierdie tydperk bevestig die koloniste se Christelike leefstyl, evangelisasiemotief en verbondenheid aan Europese beskaafdeheidsnorme – meestal in teenstelling met hulle waarneming, ervaring en perspektief van die Xhosas as etniese kontakgroep.

¹⁸¹ L. Mentz, “’n Foto in die Beeld van die Historiese Karoo”, 18 Junie 2010.

Deur die ontwikkeling van 'n historiese perspektief rakende die familiegeskiedenis van 'n geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie binne die breër konteks van die Suid-Afrikaanse geskiedenis na te gaan, kan tot die slotsom gekom word dat hulle bydrae van 'n geringe aard was. Geen buitengewone baanbrekerswerk is deur hierdie vertakking gedoen nie en derhalwe is weinig oor hulle leefstyl in die geskiedenisboeke opgeteken. Die afleiding kan egter gemaak word dat hulle daaglikse aktiwiteite tipies van die era was: hulle was verkenners van 'n nuwe geografiese streek, temmers van die Oosgrens en draers van 'n Christelike lewensbeskouing. Hulle optrede was primêr geskoei op hulle Europese herkoms en hulle kontak met die 1820 Britse setlaars, wat akkerbou in die streek moes vestig en 'n buffer teen die vyandige Xhosas moes wees.

Kultuurbeïnvloeding tussen verskillende bevolkingsgroepe aan die Oosgrens was op hierdie tydstip van die geskiedenis ondenkbaar en totaal uitgesluit. Kontak en kultuurbeïnvloeding was hoogstens moontlik vanuit 'n Europese superioriteits-posisie. Geografiese en sosiale werklikhede het die koloniste voor bepaalde keuses gestel en die geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie is beïnvloed deur introuery en kulturele integrasie met lede van die slawe-gemeenskap. Hierdie werklikheid moes noodwendig 'n rol in hulle menswees en geestegoedere gespeel het.